Augustus / August 2012 Uitgawe/Issue No/Nr 39

Augustus / August 2012 Uitgawe/Issue No/Nr 39

The Sim Bulletin is a regular newspage that will be issued on a monthly basis.

SNEAK PREVIEW

Hiermee een van die items wat julle te wagte kan wees by die Simbra Fees. Alle items sal met ons nuwe Simbra Logo "gebrand" wees.
Moet dit nie misloop nie!!!

HALTERS EN PETTE

Halters - neem kennis dat die geel halters deur Prosim Studiegroep geborg word en by die Simbra Fees beskikbaar sal wees. Molatek borg die touleiers **pette**. Oorpakke kan bestel word by Erna de Swardt by 051-4460580 of accounts@simmentaler.org

AFRIDOME

Daar is verblyf beskikbaar by die Afridome (nuwe kamers aangebou). Skakel gerus vir Ansie by 0794774416 vir meer inligting. Ontbyt ook by die Dome beskikbaar. Versoek van die bestuur by Afridome dat werkers asb nie koerantpapier in toilette gebruik nie!!!

SIMPOSIUM

Die Simbra Simposium vind plaas op Donderdag, 6 September 2012 om 09h00 te Afridome, Parys. Hiermee die sprekers wat gaan optree, asook hul temas:

Dr Gerhard Schutte van RPO
"Oorsig oor die rooivleisbedryf en bedryfs strukture"
Thys Meyer
"Animal Science a Decade Ahead"
Jerimia Mathubula
"I have Emerged"

REACH FOR YOUR SLIPPERS

The **Reach For Your Slippers** campaign is designed to raise awareness around **Reach For a Dream**, while also raising funds for hte organisation. Consumers pay R10 for a **Reach For Your Slippers** sticker which entitles them to wear slippers to work on **Reach For Your Slippers Day** on 3 August 2012. Simmentaler and Simbra staff also reached for their slippers and here is the outcome... Can you guess who is who? See results in next Bulletin!

IN HIERDIE UITGAWE / IN THIS ISSUE:

Sneak Preview
Halters en Pette
Afridome
Simposium
Reach For Your Slippers
Keurings Besoeke Namibia
Spesiale Verjaarsdag
Simmentaler Opleidings/Junior Kursus
Verandering Van Hoof Bankrekening
Rente Op Agterstallige Rekeninge
Simmentaler Joernaal 2013
Nasionale Simmentaler Veiling
Simbra Telersvergadering
Algemene Jaarvergadering 2012
Advertise in Bulletin or on Website
Kuddelyste en per capita heffing
Herd list and per capita levy
TUKS Inligtingsdag
Communicator
2de Parys Golfdag
Huis Amor

"What would life be if we had no courage to attempt anything"
Vincent van Gogh

Augustus / August 2012 Uitgawe/Issue No/Nr 39

The Sim Bulletin is a regular newspage that will be issued on a monthly basis.

KEURINGS BESOEKE NAMIBIA

Tydens Fred Dell se keurings besoeke in Namibia het hy die voorreg gehad om met 'n paar ou geliefdes te kuier. Ten spyte van hul ouderdom, is die liefde vir die ras steeds 'n groot prioriteit en was hulle saam met Fred by die drukgang vir die keuring van hul diere. Elkeen van hulle dra steeds die kennis van elke dier, asook die vaar en moer.

V.l.n.r: Tante Liebet Nolte (88),Mev Giess (88), Mev Margot Rust (80) - Ma van Waldi Hamman en Mnr Stoffel Oberholzer (82)

SPESIALE VERJAARSDAG

Hiermee wil ons ook 'n baie spesiale verjaarsdagwens oordra aan Oom Roe Wiid wat vandag (7 Augustus) 80 jaar oud is. Wense vir 'n jaar Wat gevul sal wees met welslae en geluk!!!

SIMMENTALER OPLEIDINGS/JUNIOR KURSUS

'n Baie suksesvolle Simmentaler Opleidings/Junior Kursus georganiseer deur Prosim Studiegroep en gelei deur Fred Dell, is gehou gedurende Mei 2012.
Baie dankie vir die entoesiasme en gees wat geheers het tydens die kursus en geluk aan almal wat geslaag het.

IN HIERDIE UITGAWE / IN THIS ISSUE:

Borge vir die Simbra Fees

VOERMOL

ABSA
Today, tomorrow, together.

FNB
First National Bank
hoe kan ons jou help?

MOLATEK

SHM

"He who fears being conquered is sure of defeat"

Napoleon Bonaparte

Augustus / August 2012 Uitgawe/Issue No/Nr 39

The Sim Bulletin is a regular newspage that will be issued on a monthly basis.

VERANDERING VAN HOOF BANK REKENING

Die Genootskap het tans twee lopende rekeninge, by Standard Bank en ABSA Bank. Die Standard Bank rekening is in die verlede as die hoof rekening gebruik. Tydens die Julie 2012 Raadsvergadering is besluit om die ABSA rekening nou as hoof rekening te gebruik, aangesien ABSA ons Genootskap die afgelope tyd gereeld met groot borgskappe ondersteun. Die ABSA Bank besonderhede is as volg: Absa Bank, Brandwag-Tak, Takkode 334 334, Rekening nr 406 936 6041.
Die Standard Bank rekening gaan nie gesluit word nie en indien u dit so verkies, kan u steeds die Standard Bank rekening gebruik vir u rekening betaling.

RENTE OP AGTERSTALLIGE REKENINGE

Rente is teen 17% gehef op alle uitstaande debiteure bedrae 60 dae en ouer. Tydens die Julie 2012 Raadvergadering is besluit om voortaan die rente wat op hierdie uitstaande bedrae gehef word, aan die Prima uitleenkoers te koppel. Die rentekoers waarop besluit is, is Prima plus 6%. Hierdie rentekoers verandering is vanaf Julie 2012 van toepassing en Julie 2012 se rentekoers beloop dan 14,5%.

SIMMENTALER JOERNAAL 2013

Neem asb kennis dat alle uitstaande advertensie materiaal asb nie later as 17 Augustus 2012 by die kantoor moet wees. Baie dankie ook aan die “early birds” wat reeds hul advertensies gestuur het. Daar is egter ook nog heelwat bestelvorms en Vrywaringsvorms uitstaande en ons versoek u vriendelik om dit ook te stuur aan Belinda Putter by info@simmentaler.org

NASIONALE SIMMENTALER VEILING

Soos reeds genoem, vind die Nasionale Simmentaler Veiling (Simmentaler Bulle en Vroulike Diere onder beskerming van die Genootskap) op Donderdag, 4 Oktober 2012 te Stonehenge, PARYS om 11h00 plaas. **Inskrywings sluit 10 Augustus 2012.** Laaste aankoms van diere **Dinsdag, 2 Oktober 2012.** Vir meer inligting skakel gerus die kantoor by 051-4460580 of besoek ons webblad by http://afrikaans.simmentaler.co.za/index.php/vorms/ vir ‘n volledige stel inskrywings vorms en reëls.

SIMBRA TELERSVERGADERING

Neem asb kennis dat daar ‘n Simbra Telersvergadering geskeduleer is vir Donderdag, 23 Augustus 2012 om 10h00 te Laerskool President, Neser Straat, KLERKSDORP.

ALGEMENE JAARVERGADERING 2012

Die Algemene Jaarvergadering vind plaas op Donderdag, **23 Augustus 2012** te Laerskool President, Neser Straat, **KLERKSDORP** om 14h00. Die Bul en Superkoei van die Jaar toekenning sal om 12h00 oorhandig word. Prysuitdeling en Vinger-ete om 12h30 en Algemene Jaarvergadering begin stiptelik om 14h00. Die dokumentasie is reeds gestuur via pos en e-pos, maar ’n gedrukte dokument sal tydens die vergadering ook beskikbaar wees.

IN HIERDIE UITGAWE / IN THIS ISSUE:

“Happiness depends upon ourselves”

Aristotle

Augustus / August 2012 Uitgawe/Issue No/Nr 39

The Sim Bulletin is a regular newspage that will be issued on a monthly basis.

ADVERTISE IN BULLETIN OR ON WEBSITE

Bulletin

Cost is R275 per advertisement, per newsletter.

Simmentaler and/or Simbra Web

There are two options for advertising on the web:

- A static link – this is permanently viewed on the right hand side of the home page and consists of your stud's logo, contact details and then also a link to your website. This option is R880 per month.
- The slide show – is viewed like Delft's on the home page. This option is R385 per month.

To place advertisement in Bulletin and/or on the Webpage, contact Belinda Putter at 051-4460580/2 or e-mail info@simmentaler.org.

KUDDELYSTE & PER CAPITA HEFFING

Kuddelyste word jaarliks ± middel November aan elke teler gepos. Kansellasies en oordragte wat nie reeds gedurende die loop van die jaar aan ons gestuur is nie, moet dan jaarliks voor 10 Februarie by ons op kantoor ontvang wees. Ons stuur ook sms'e uit aan elke teler om hulle aan die sper datum te herinner. Per Capita heffing word elke jaar einde Februarie gefaktureer.

Dit is die teler se verantwoordelikheid om toe te sien dat hy/sy 'n kuddelys ontvang en die nodige kansellasies en oordragte betyds indien. Geen krediet gaan gegee word vir kansellasies en oordragte wat na die sper datum ontvang word nie, tensy jy vooraf 'n reëling met jou registrasie dame getref het vir uitstel in uitsonderlike gevalle.

Kansellasies kan per e-pos aan ons gestuur word of per faks op die amptelike kansellasie vorm, of anders kan dit ook per sertifikaat ingedien word. Oordragte kan per e-pos of faks of per sertifikaat ingedien word.

HERD LIST & PER CAPITA LEVY

Herd lists are mailed annually to every member ± middle November. Cancellations and transfer that wasn't submitted during the course of the year, must be received by the office before 10 February annually. We also send sms's to every member to remind them of the deadline. Per Capita levy is debited at the end of February each year.

It is the member's responsibility to ensure that he/she receives a herd list and that the cancellations and transfers are submitted to us in time. No credit will be given for cancellations and transfers received after the deadline, except when an arrangement was made for postponement with your registration lady in exceptional circumstances.

Cancellations may be submitted per e-mail or may be faxed on the official cancellation form, or else you may also submit per certificate. Transfers may be submitted per e-mail, per fax or per certificate.

Stefmar Simbra's

"He that will not reflect is a ruined man"
Asian Proverb

Augustus / August 2012 Uitgawe/Issue No/Nr 39

The Sim Bulletin is a regular newspage that will be issued on a monthly basis.

TUKS INLIGTINGSDAG

'n Simmentaler Inligtingsdag vir Tuks-Studente is op 1 Augustus 2012 op die plaas van Hans Franck aangebied. Fred Dell was ook teenwoordig om die studente in te lig oor ons ras. Nogmaals baie dankie aan Hans Franck vir die geleentheid om sy plaas te besoek.

COMMUNICATOR

Sien ook die advertensies vir die Simbra Feesweek op die Communicator. Indien u die Communicator nog nie op u rekenaar afgelaai het nie, kliek op die skakel en doen dit sommer nou... http://www.d6technology.com/downloads.php?id=5475

2DE SIM GOLFDAG

Kom ondersteun ons 2de Sim Golfdag op **26 Oktober 2012** te Parys Golf en Country Estate. 2011 se Golfdag was 'n groot sukses en op die Raadsvergadering gedurende Julie 2012 is besluit dat alle fondse weer aan Hospice geskenk word. Maak 'n verskil en kom geniet die dag saam met ons!

HUIS AMOR

Ou golfhemde wat die afgelope 5 jaar glad nie verkoop is nie, is aan die Kinderhuis in Bloemfontein oorhandig en so raak die rasse ook by gemeenskapsdiens betrokke.

KAMAB SIMBRA
VRIESIT
CENTRAL SIGNS
www.centralsigns.co.za
Chrysalis advertising & publishing

To view the Bulletin Electronically you need to register on the website at http://www.english.simmentaler.co.za/index.php/login-register/